# HOEPHOEP

**BIRDLIFE SA WESVAAL KLUB/**
**BIRDLIFE SA WESVAAL CLUB**
**NUUSBRIEF / NEWSLETTER**




## JULIE 2023

**Jaargang 38(2)**
**Nr. 134**

## INHOUD

2. Etiese Gedragskode vir voëlkykers
3. BLWV Portefeuljes
4. BLWV Program
5. Uit die Voorsitter se Nes
5. Redaksioneel
6. BLWV Klubaand
7. Kopjeskraal Uitstappie
8. Uitstappie na Engela se plaas
9. Ditsong Museum Uitstappie
12. Twee bome
13. Ring foto's van Rita Marais
14. Rhodes, 26 April 2023
17. Mosambiek
19. Veldpou foto's
20. The Scintillant Hummingbird
21. BLSA Media Release
23. Agterblad



Stuur asb. enige artikels, interessante waarnemings en foto's vir publikasie in die Nuusbrief aan: lombardpetro@gmail.com

## ETIESE GEDRAGSKODE VIR VOËLKYKERS

Voëlkykers het ten alle tye 'n verpligting om wildlewe, die natuurlike omgewing en die regte van ander te beskerm. Ons verskaf leierskap deur te hou by riglyne van goeie voëlkyk gedrag.

**1 Voëlkykers stel nie die welsyn van voëls of ander wildlewe in gevaar nie.**
**Ons sal:**
Voëls waarneem en fotografeer sonder om hulle doelbewus te versteur
Dit vermy om voëls te verjaag en herhaaldelik uit skuilplekke op te jaag
Klankopnames en soortgelyke metodes om voëls te lok spaarsamig gebruik en ook nie in gebiede met baie voëls of gedurende die broeiseisoen nie
Behoorlike afstande van neste en neskolonies hou, hulle nie versteur of aan gevaar blootstel nie
Nie voëls en eiers hanteer behalwe in erkende navorsingsaktiwiteite nie.

**2 Voëlkykers doen nie die natuurlike omgewing skade aan nie.**
**Ons sal:**
Op bestaande paaie, spore en paadjies bly om vertrapping of versteuring van sensitiewe habitat te vermy
Alle habitatte laat soos ons dit gevind het.

**3 Voëlkykers respekteer die regte van andere.**
**Ons sal:**
Die privaatheid en eiendom van ander respekteer deur te let op "Geen toegang" tekens, en toestemming vra om privaatgrond te betree
Bedagsaam wees in ons kontak met ander deur byvoorbeeld versoeke vir inligting te beperk en dit ook op redelike tye doen
Altyd op so 'n wyse optree om die beeld van die voëlkykersgemeenskap in die oë van die publiek te verbeter.

**4 Groepe voëlkykers het spesiale verantwoordelikhede.**
**Ons sal:**
Spesiale sorg dra om probleme en versteuring te verminder wat gewoonlik toeneem as daar meer mense teenwoordig is
Die belange van die groep, sowel as ons eie, in ag neem
Deur ons dade, die verantwoordelikheid van die groepleier(s) vir die gedrag van die groep ondersteun.
As groepleiers sal ons:
o Verantwoordelikheid aanvaar vir die gedrag van die groep
o Op hoogte kom van, en die groep inlig oor enige spesiale reëls, regulasies of gedrag van toepassing op die gebied of habitat wat besoek word
o Groepe beperk tot 'n grootte wat nie die omgewing of die vrede en rustigheid van ander bedreig nie
o Aan ander die etiek van voëlkyk leer deur woorde en voorbeeld.

# BIRDLIFE WESVAAL
# PORTEFEULJES – 2023

| POSISIE | WIE | VERANTWOORDELIKHEDE |
|---|---|---|
| BESKERMHEER | Rudy Erasmus | Beeld van BLWV |
| VOORSITTER | Pieter Labuschagne<br>Sel: 082 908 7965<br>pieter1789@gmail.com | Lei van vergaderings<br>Uit die Voorsitter se nes<br>BBD kompetisie<br>BLSA verslae<br>Algemene skakeling met BLSA |
| O/VOORSITTER | Roy Byers<br>Sel: 082 444 4917<br>rbyers@telkomsa.net | Kompetisie |
| SEKRETARIS/ NOTULEHOUER | Lawren Oelofse<br>Sel: 082 453 6796<br>Lawren.oelofse@gmail.com | Notule en Agenda<br>Kommunikasie<br>BLWV Jaarlikse Voëllys |
| TESOURIER | Johan Yssel<br>Sel: 082 828 4396<br>jyssel64@gmail.com | Finansies<br>BLWV Ledegeld<br>BLWV Ledelys |
| BLSA | Tom Drinkwater<br>Tel: 018 290 6037<br>drinkwater00@telkomsa.net | Kommunikasie met BLSA ivm ledelys, adresse en besonderhede<br>Presensielys van alle lede |
| PROGRAMME/ SOSIALE MEDIA | Lieske Burger<br>Sel: 083 749 8424<br>lieskeburger0@gmail.com | Koordineer en herinner aan -<br>Klubaande en Uitstappies<br>Reël van sprekers en onkoste<br>Sosiale Media |
| NUWE LEDE SABAT2 | Alet Steyn<br>Sel: 064 900 0104<br>attasteyn57@gmail.com | Verwelkoming by Klubaande<br>Nuwe lede & Naamkaartjies<br>SABAP2 |
| BEWARING | Nick Jonas<br>Sel: 082 741 3276<br>nickcjonas@yahoo.com | Rooivalkie telling<br>Prozesky<br>Skakeling met Herald |
| HOEPHOEP | Petro Lombard<br>Sel: 082 873 2914<br>lombardpetro@gmail.com | Redakteur van Hoephoep<br>Reël verversingsbeurte vir klubaande |



# BIRDLIFE WESVAAL
# JAARPROGRAM – 2023

| | KLUBAAND | DAGUITSTAPPIES | NAWEEKUITSTAPPIES |
|---|---|---|---|
| Julie | 6/7<br>Andrew de Blocq | 15/7<br>Mandeladag | |
| Augustus | 3/8<br>Linda van den Heever | 19/8<br>Griffon Rehab Sentrum | |
| September | 7/9<br>“Pelican Watch” | 16/9<br>Kgaswane NR | |
| Oktober | 12/10<br>Studenteprojekte<br>Prof Henk Bouwman | | 27-29/10<br>Bloemhofdam NR en<br>SA Lombard NR<br>(Lawren) |
| November | 2/11<br>Alg. Jaarvergadering<br>Show & Tell 2023 | 11/11<br>Elgro River Lodge | 24-26/11 (sal bevestig)<br>Verlorenkloof |
| Desember | Geen Klubaand | | 2/12<br>Birding Big Day |

## BLOEMHOFDAM NR

Bloemhof Dam Nature Reserve lies on the North West province side of the Bloemhof Dam, on the dam’s northern shores; the Sandveld Nature Reserve is on the other (Free State) - a rather confusing division of nature reserve that surrounds the dam that also happens to fall right on the border between the two provinces.
The Bloemhof dam supports more than 5000 waterbirds and one particular count registered over 10 000 individuals.
The Bloemhof Dam, which lies roughly 320 kilometres from Johannesburg just outside the little town of Bloemhof, is regarded as one of the largest dams in South Africa covering an area of 25 000 hectares that lies at the confluence of the Vaal and Vet Rivers.
Bloemhof is one of the angling destinations in the country, extremely popular with fishermen of all shapes and sizes and the site of both major local and international angling competitions. Consisting of mostly Kalahari scrub and thornveld, the reserve’s open plains are also home to large herds of black wildebeest, eland, springbok and gemsbok and over 250 species of birdlife have been recorded here.
The dam supports more than 5000 waterbirds and one particular count registered over 10 000 individuals. Herons breed on the north-east side of the bridge over the Vaal River, whilst the thornveld that surrounds the dam supports several large raptors.

## SA LOMBARD NR

One of the earliest wildlife conservation research centres in the country, the SA Lombard Nature Reserve is the park credited with saving the black wildebeest from extinction in the wild, and whilst it is **not open to the public**, there are a couple of guest houses that serve as accommodation in this beautiful, and consequently peaceful nature reserve.
The little historical town of Bloemhof or ‘garden of flowers’, has been in existence since as early as 1866 following a burst of activity after diamonds were discovered in the area. Today it is a peaceful little town, storage silos marking its predominant maize farming community.
As a result of SA Lombard Nature Reserve’s pioneer work with the black wildebeest, this animal has been restored to reserves throughout South Africa.
The nature reserve serves also as a breeding centre for what they term ‘plains’ animals that include a variety of antelope like the springbok, red hartebeest and the zebra, and many of these animals make their way to game farms around the country.
The reserve is fundamentally Kalahari grassland on an uncharacteristic flood plain, with virtually no trees, making game viewing particularly easy, and bird life here is prolific.

## VERLORENKLOOF

Verlorenkloof is a holiday destination on a 1600ha working farm in the heart of the trout triangle in Mpumalanga, offering a variety of nature-centered activities for the discerning traveler.
Situated in a secluded valley along the eastern escarpment of the province, the Crocodile River forms a natural border to the Estate. The land then sweeps up through wetland and open grassland to the forested kloofs of the Steenkampsberg and the Dullstroom highlands, creating a biodiverse landscape that is a joy to visit in any season. Verlorenkloof is surrounded by a settled and strongly custodial farming community offering peace, quiet and a tangible level of safety and security.
The estate is in a malaria free area and with over 25 years of tourism experience, a stopover promises the ideal launch for your African adventure.
23 Spacious, free standing stone & thatch crofts, sleeping 6 or 10 people (majority en-suite).
Our main lodge area, coffee shop and deli ensure we are well equipped with catering options, from self-catering, full board catering and food services to pre-prepared meals and groceries.
The Estate offers many layers of outdoor activities and experience, all in a landscape of extraordinary beauty and rich biodiversity in which you can engage at your own pace.



## UIT DIE VOORSITTER SE NES

### DIS WINTER!

Juliemaand in Potchefstroom is kaggelweer. Alhoewel die aktiewe voëllewe minder is gedurende hierdie tyd, het ons gelukkig 'n opwindende jaarprogram met top sprekers soos Andrew de Blocq en Linda van Heerden. Natuurlik is daar ook nog heerlike uitstappies na die Griffon Rehabilitasie Sentrum, Kgaswane Natuurreservaat en Bloemhofdam Natuurreservaat later die jaar.

Dit is ook die ideale tyd om voëllyste saam te stel, kameras te laat diens en om daardie agterstallige voëlfoto's uit te sorteer. Onder leiding van Lawren Oelofse en die feeskomitee vorder die beplanning van ons Feesnaweek vir 21 tot 24 Maart 2024 fluks. So ook is Kobus Fourie en sy span druk besig om ons te ondersteun en 'n opwindende 40 Jarige feesnaweek saam te stel. Graag bedank ons elke individu vir hul harde werk, entoesiasme en hulpvaardigheid.

Graag hoor ons van alle klublede, oudlede en voëlvriende! Stuur asseblief vir ons interessante foto's, artikels en lekker stories van die klub se aktiwiteite oor die laaste 40 jaar. Ons wil graag hê dat julle deel in ons gedenkblad en dat ons saam die herinneringe van die Klub kan koester en bewaar.

"Save the date "

Die Voëlklub se grootste bate is natuurlik ons mense Met 'n liefde vir die natuur, 'n passie vir voëls en die samehorigheid van voëlvriende ... dit is 'n fees om deel te wees van die Birdlife Wesvaal Voëlklub in Potchefstroom.

Pieter Labuschagne

## REDAKSIONEEL

Die klub bestuur is hard besig met beplanning van die 40 Jarige feesvieringe van 2024. Ons vra almal om mee te doen met 'n storie van enige wedervaring wat jul beleef het gedurende die 40 jaar van die Wesvaal Voëlklub se bestaan. As jul van die ou lede van die klub raakloop, vra vir hul herinneringe op skrif of ou foto's wat hul nog het van uitstappies of byeenkomste.

Baie dankie aan almal wat bygedra het vir hierdie uitgawe van die Hoephoep, dit word waardeer.

Nou ja, soos julle sien vind die 40 jarige feesvieringe plaas by die Elgro Lodge oor die hele naweek van 21 tot 24 April 2024. Beplan solank om deel daarvan te wees. Daguitstappies, spesiale sprekers en lekker voëltjies kyk, dalk 'n lifer of twee.

Petro

Indien klublede 'n voëlspesie in suidelike Afrika
(op hul toere en uitstappies)
sien wat nie op die spesielys voorkom nie,
stuur asseblief die nuwe info deur
na Lucia du Preez
Haar e-pos is:
dupreezl@safricom.co.za
of Lawren Oelofse
Lawren.oelofse@gmail.com



# GUEST SPEAKER AT WESVAAL BIRD CLUB EVENING

On Thursday 13 April the Wesvaal bird club had the privilege to have Prof Nishi Rajakurna as a guest speaker. He is a well-known botanist and plant biologist from the USA.

In his talk he first gave us his background of growing up in Sri Lanka and the history of Sri Lanka, then how his academic journey with a scholarship took him from Sri Lanka to a small college, College of the Atlantic in Maine USA and where he studied botany. After graduation he studied for a master and eventually a P.H.D from the university of British Colombia in Canada.

His research interests are how plants and their habitats and the role it plays in the ecology. He researches how plants growing on extreme substrates namely serpentinite, limestone, mine tailings are model organisms for the study of ecology and evolution. He spoke about his research and how it can help companies and other organizations.




A third part of his lecture was about Fulbright scholarship, which is a scholarship funded by the USA government to further academic research and relationships with different countries. The Fulbright scholarship is the reason his in South Africa on research. His research will be at the NWU, and his topic will be serpentine ecology.

The fourth part of his lecture was about his bird watching he has done in South Africa and what he has seen so far. Its impressive to see his bird list and what he has seen in a relatively short time.

The Wesvaal bird club members really enjoyed the talk and learnt more about the ecology.



Thank you to Stefan Heydenrich who befriended Nishi and suggested him as a guest speaker.

Lieske Burger






# KOPJESKRAAL UITSTAPPIE 22 APRIL 2023

Op Saterdag 22 April het 20 lede van die Wesvaal voëlklub, Kopjeskraal plaas besoek. Kopjeskraal is so 40 km van Potchefstroom af en is in die Vredefort koepel bewarings area geleë. Dit is ‘n gebied wat baie ryk geologiese geskiedenis het. Die area het verskeie habitatte; die berg gedeelte, Vaalrivier en grasveld en dus is daar baie spesies. Vir die somer kan jy 100 spesies sien en in die winter 80 spesies sien.
Die groep het van die Elgro hotel vertrek en het so 7:30 by die plaas aangekom. Ons het na die dam geloop en verskeie voëls gesien. Die meeste is kenmerkend van die grasveld en bebosde koppies, van die skaarser voëls was die skerpbekheuningvoël, draaihals en ander. Omdat ons in April gegaan het, was van die somer trekvoëls al weg en ons het so 30-40 spesies gesien.
Na die voëlkyk het almal lekker ontspan by die lapa met ‘n piekniek. Dit was veral goed om te sien dat daar nuwe lede saamgekom het en ook studente. ‘n Paar van die lede het saam met Christo Meyer, die eienaar op ‘n geologie toer gegaan waar hy die ontstaan van die Vredefort koepel verduidelik het en ook die verskillende gesteentes uitgewys het.
Dit was voorwaar ‘n lekker uitstappie. Dankie aan almal wat saam gekom het en die dag saam geniet het.

Lieske Burger











# "BIRDING IN GAUTENG"

Een van die Klub se mikpunte is om gereeld daguitstappies en naweek-kampe te hou vir lekker voëlskyk en kuier. So was 7 lede op Saterdag 27 Mei na 'n plaas net daar waar die bord sê: "Welcome to Gauteng". Soos wat ons aanry na die huis toe, was daar baie koeie met klein kalfies in 'n kamp. 'n "Milo"-bruin kalfie met wakker swart ogies het met die koppie van links na regs heen-en-weer, heen-en-weer vir ons staan en kyk asof hy met elke swaai van die koppie wou sê: rooi bakkie-wit kar-rooi bakkie-wit kar, en wat gaan nou aan? Die plaas het baie waters in damme, panne en vleie wat afloop na Boskopdam. Engela, vrou van die plaas, moes saamry om al die baie hekke oop te maak, en, sy neem mooi foto's met haar groot kamera om voëls oorkant die water vir ons nader te trek vir identifikasie. Groot waardering vir haar!

Ons het eende, klein dobbertjies, groot waterhoenders, grootkoningriethaan, swart riethaan, kuifkopvisvanger, rietduikers, gewone kwikkie, glansibis en Afrikaanse snip gesien. 'n Grootriethaan se trillende roep uit die riete was 'n lekker bonus omdat ons dit nie so gereeld beleef nie. Een van die vleitinktinkies wat naby ons op die watergrasse gesit en gesels het, het 'n bitter kort stertjie gehad. Mens kon skaars die stertjie sien, terwyl die boek sê sy stert is heeljaar relatief lank. In teenstelling, was krul-stert vlakvarkies op hul knieë besig om kort groen gras langs 'n dam om te dolwe en 'n oorvloed kolganse het tussen hulle gewei. Ek het vinnig getel terwyl die ander nog 'n rooireier staan en bewonder het. In een groep was daar so 150 kolganse en 'n ander groep oorkant die dam was 38, en nóg kolganse by 'n ander water. 'n Ent weg van al die water was daar twee lelkiewiete en so 10 kopereende te oulik in 'n ry van wit-grys-wit-grys, die mannetjies met hul wit gesigte en die wyfies met hul grys koppe.

Die plaas het darem ook rantjiesveld met bome, mooi klippe, kalaharipatrys, houtkappers, oranjekeelkalkoentjies, 'n Hoephoep, selfs Indiese spreeus en 'n klomp aasvoëls ver op 'n kragpaal. En wie sou kon sê dat ons "skaapwagters" van alle dinge altyd so regop en beeldskoon sou vertoon. 'n Gewone vleiloerie het doer in die veld op 'n miershoop gesit, want gedurende die winter is daar seker nie genoeg klein voëltjies of eiertjies om te vreet nie, dan moet hy maar in die veld soek vir insekte en reptiele.

Dit was 'n baie bewolkte dag, maar tog nie so sleg dat die voëls net swart silhouette was nie. Die kouerige wind was ook nie te lasting om 'n blouvalkie en bontvisvanger te weerhou van hul 'fladderende hang' in die lug op die uitkyk vir prooi nie. Die groenerige kleinbyvreter was ook nie gepla om elke keer vanaf 'n draad op te vlieg, 'n draai te maak agter sy prooi aan, en dan weer te kom sit nie. Dan die alewige LBJ's: Hoeveel keer het Lucia al by Klub-aande vertel van die gewone koester se wit buitestertvere, maar verniet. Hierdie keer egter, het die koesters gemaklik rondgevlieg en ons was baie gelukkig met die duidelike wit strepe langs sy stert af. Met die hulp van koffie en beskuit het ons amper 70 spesies aangeteken, wat glad nie te sleg is op 'n wintersoggend in ons wêreld nie.

Die wit kar se mense het op 'n stadium bietjie agtergeraak op die roete, want hulle het gesukkel om 'n roofvoël te identifiseer. Swart en wit en twee keer so groot soos 'n blouvalkie. Dit was 'n swartsperwer! en hulle het 'n nes in 'n bloekombos. 'n Mens sukkel, want voëls in die veld lyk nie soos die voëls op foto's wat ons gereeld op die skerm sien tydens "show & tell" aande nie. Ons leer baie by mekaar op klub-aande, maar dis die uitstappies wat sorg vir die groot leer en die lekkerte van 'n oorwinning wanneer jy 'n voël in die veld kan ID.

Op pad uit die veld het ons tussen die store en buitegeboue gery en daar was 'n bo-lug tipe venster, maar daar was nie 'n ruit in die raam nie. So ewe het 'n bergwagter toe kom sit en homself geraam as 'n spesiale groete-portret!


Marietjie Ferreira



Bergwagter



Kuifkopvisvanger
Foto: Engela Visser



Grootriethaan
Foto: Engela Visser



Klein byvreter



Vleitinktinkie
Foto: Engela Visser

# VISIT TO DITSONG (OLD TRANSVAAL) MUSEUM ON SATURDAY, 10 JULY 2023



The group comprised of eight members — what a fantastic day! We met at the Minnaar Street entrance in the rear end of the building giving us secure and safe parking.
Mpho Malematja, the Museum Curator met us and took the group to the *"behind the scenes"* at the Ornithology specimen storage and cataloguing section. Mpho's student Lebogang assisted her, practising his ability as a guide.
What a marvellous insight — where we were shown the skins collection and a number of storage drawers which Mpho had already taken out and we were asked to identify species of Sunbirds. There was a price for the person who could identify the most specimens. Lawren was the winner and received a brilliant book and autobiography on Austin Roberts.
We were allowed to touch the exhibits, some eggs and birds taken by Roberts himself in 1904. There was also a diary of Roberts from the early 1900's with his actual handwriting.
We were then guided to the Bird Hall by Mpho's student Lebogang. There are 875 bird species in the Museum, from Northern and Southern Africa.



The Tour info collected:
* Austin Roberts was one of the founding members of the Museum.
* Some specimens are stored in ethanol to preserve them and have been there since 1909.
* Blown eggs are boxed and some are from Roberts' time.
* Skeletons of birds are also kept in the storage section.
* The flesh of some animals for display are eaten by beetles They are in a special building apart from the Museum to prevent the beetles from getting into the main building and destroying everything.

Many thanks to Pieter for organising the Tour—it was well worthwhile.
The Club would like to invite Mpho one evening—she will bring some specimens and give a talk on the Museum, possibly next year.

Roy Byers




THE BIRDS OF SOUTHERN AFRICA
DIE VOËLS VAN SUIDER AFRIKA
A SYSTEMATIC COLLECTION ARRANGED ACCORDING TO AUSTIN ROBERTS
'N SISTEMATIESE VERSAMELING GERANGSKIK VOLGENS AUSTIN ROBERTS
Austin Roberts was born in Pretoria on January 3rd 1885 and as a boy already showed a keen interest in natural history. He was employed in government service until September 1910 when he joined the staff of the Transvaal Museum. He died in a motor accident in Pondoland on May 5th 1948.
During his 38 year-long association with the Transvaal Museum he built up the very large bird and mammal study collection. He published 120 scientific papers and articles, including the well-known book THE BIRDS OF SOUTH AFRICA. In recognition of his contributions to science he was awarded an honorary D.Sc. by the University of Pretoria in 1956.
Austin Roberts is gebore in Pretoria op 3 Januarie 1885 en as seun het hy reeds belangstelling getoon in die natuur. Werk in die Staatsdiens tot September 1910 waarna hy by die Transvaal Museum aansluit. Op 5 Mei 1948 is hy in 'n motorongeluk in Pondoland gedood. Tydens die 38 jaar wat hy aan die Transvaal Museum verbonde was het hy die baie groot voël- en soogdier-studieversameling opgebou. Hy het 120 wetenskaplike artikels gepubliseer onder andere die welbekende boek
As erkenning vir sy bydraes tot die wetenskap het die Universiteit van Pretoria in 1956 'n ere D.Sc. aan hom toegeken.
BIRDS OF SOUTH AFRICA
GEWONE FLAP
818


361
363
369
371
375
362
368
370
372
364
360
373
365
366
BUBONIDAE


TRANSVAAL MUSEUM, BOX 413, PRETORIA
T.M. No. 80852
Species: Sarothrura elegans
Locality: South Africa: KZ-Natal: Pietermaritzburg Hilton
Date: 27 November 2011


EGGS
EIERS
vir 'n spesifieke doel.
gewoonlik is spesies een kleur eiers met 'n bepaalde kleur, maar by sommige spesies varieer die kleur van die eiers geweldig-geelvink.
ground-nesting birds often have very camouflaged eggs - plover, crane.
voëls wat op die grond nes maak se eiers is gewoonlik kripties gekleurd - kiewiet, kraanvoël.


# BESOEK AAN DITSONG MUSEUM

Die Ditsong natuurhistoriese museum in Pretoria  voorheen bekend as die Transvaal Museum. Die museum is op 1 Des 1892 deur die ZAR geopen. Dit is die belangrikste museum in Gauteng vir die bewaring en uitstalling van alle aspekte van natuurhistoriese belang. Daar is verskillende uitstallings en ook bewaarkamers waar belangrike materiaal gestoor word.
Op Saterdag 6 Junie het 'n groep van die Wesvaal voëlklub die museum besoek. Ons het 'n behind the scenes" toer gedoen. Mpho Malematja, Kurator van die ornitologie afdeling was ons toerleier. Sy het ons na die verskillende afdelings gevat, die dry room waar die opgestopte voëls bewaar word. Ons kon van naby sien hoe groot is 'n breëkoparend en hoe klein is 'n Namakwa suikerbekkie.
Die volgende afdeling was die wet room dit is waar volledige of dele van voëls bewaar word in formalien.  Die laaste deel was die skeleton room. Dit is waar die geraamtes van voëls bewaar word. Elke afdeling was interessant om te sien en ook die wetenskap van bewaring.
Volgende het Mpho vir ons die dagboeke en notas van Austin Roberts en Prozesky gewys wat interessant was om te  sien en ook waar hulle gereis het en die voëls wat hulle versamel het. 'n Mens kry respek vir baanbrekers soos Austin Roberts en hul nalatenskap.
Mpho was 'n fantastiese toerleier en verteler, ons het so baie geleer en beleef.
Na die toer het ons die voelafdeling besoek waar al die voëls van suider afrika uitgestal is volgens die Roberts nommers. Dit was 'n baie leersame en interessante uitstappie.
Dankie aan Pieter Labuschagne, wat die uitstappie gereël het en ook Mpho, die kurator.

Lieske Burger




Juvenile Olyfsuikerbekkie se beendere in bewaring by die Museum vandag.











**TWEE BOME**

Soos wat twee bome van verskillende aard vir jare lank om mekaar gegroei het, was dit einde April die huweliksherdenking van Lawren en Marietha. Onbewus van hierdie geleentheid, het ek en Corrie saam met hulle vir daardie naweek in die "Molemane Oog Natuurreservaat" gaan kamp.
Die Reservaat is so 40 km anderkant Lichtenburg op die Zeerust pad. Elizabeth Duncan-Rose het haar plaas in 1992 aan Noord-Wes Parke en die Toerisme Raad nagelaat. Dit moes omskep word in 'n Natuurreservaat wat nooit verkoop mag word nie. Die Reservaat beslaan 3,000 ha van grasveld met heelwat bokke, bome en damme water. Die standhoudende oog het 'n paar "gaatjies" van so 15cm groot in 'n gryskleurige gronddam waar die water uitborrel en die damme op die plaas van water voorsien. Die ou Duncan-Rose plaashuis is omskep as 'n museum en huisves tans ook die kantore.
Die kampterrein beskik oor so 12 opgeslane tente elk op 'n sementblad wat in 'n groot halfmaan langs een van die damme gerangskik is, met mooi groen gras tussen die tente. Elke tent het 2 enkelbeddens, tafeltjie en stoele, 'n eie badkamer en 'n opwasplek sommer op die stoep. Daar is ook 'n konferensiefasiliteit met 'n yskas en vrieskas. 'n Entjie daarvandaan is nog 'n kampterrein vir eie tente, met ablusieblok en braaiplek. Eintlik is dit 'n baie lekker plek vir verblyf en voëlkyk, maar weens 'n gebrek aan fondse, toerusting, toesig, ens., is die kampplek erg verwaarloos en was dit alles behalwe netjies, en ons moes onder so 'n "drup-straaltjie" stort. Ons kon darem raap en skraap en saans lekker braai. Behalwe vir die ander kamp waar dag en nag groot makietie of nog 'n herdenking tot myle ver weerklink het.




Manzi en Gift het darem probeer om ons verblyf aangenaam te maak, alhoewel Gift vir 'n paar benoude oomblikke gesorg het toe hy ons een middag laat in 'n wildskamp toegesluit het vir die nag. Gelukkig was hy nog nie te ver weg van die hek nie en het weer vir ons oopgesluit. Manzi het onderneem om te probeer werk maak daarvan om die plek weer op standaard te kry sodat die klub een naweek daar kan gaan kamp.
Daar was nie vreeslik baie voëls by die damme nie, maar ons het visvangers, swartriethaan, rietduikers, grootkoningriethaan, klein-dobbertjie, groot waterhoender en visarend gekry. Ons was gelukkig om onder andere die oranjeborsboslaksman te hoor en gestreepte wipstert, Suidelike waterfiskaal, sneeubal, hoephoep, grysrugkwêkwêvoël, buffelwewer, swartkopwielewaal, klipstreepkoppie, mikstert -byvanger, pylvlekkatlagters, swaeltjies LBJ's en 'n swermpie van so agt koningblousysies te sien. Lawren was die enigste wat die wyfie swartkatakoeroe in 'n boom reg langs hulle tent gesien het.
Op pad terug het ek en Corrie nog twee pentads by Ottoshoop gaan atlas omdat daar min en lanklaas atlaswerk gedoen is. Ons het sommer ook die "Wondergat" daar naby besoek, maar dit was middel van die dag en die voëls was maar skaars.


Marietjie Ferreira



## RING FOTO'S VAN RITA MARAIS



Rooivlerktjagra





Rooiborslaksman



# RHODES, 26 APRIL 2023

Hoofsaaklik om vir Nishi Rajakaruna die geleentheid te gee om 'n klompie van die berge-spesies te sien te kry, het ons weer die 700+km. aangedurf. Seker omdat ons geweet het van die stamperige grondpad van Barkley Oos af tot by Rhodes en Naudesnekpas daarna, het dit hierdie keer nie so woes gevoel as die vorige keer in Februarie 2022 nie. Die omgewing is nou ook droog.
Net suid van Smithfield het ons twee Sekretarisvoels gekry wat stadig genoeg weg gedrafstap het vir 'n paar fotos. Die groot mikpunt was Mahemme en seker net so 400meter deur Rhodes in die reeds effense skemer kom sit daar een in 'n boom reg langs die pad. Die volgende twee dae was daar 'n paar met drie kuikens wat laat smiddags uit die berge op die groenvoer kom wei het.



Dit was erg verblydend om sulke goeie aanteel te sien. Self op pad terug, tussen Lady Grey en Aliwal Noord, het ons nog 'n paar maar met net een kuiken gekry saam met 'n groupie van ses Bloukraanvoels.
Hierdie tyd van die jaar is daar nie meer soveel veldblomme as gedurende die hoogsomer nie en 'n mens kan dit gou sien. Geen Jangroentjies en net een of twee Koesters en min Langstertjies. Die spesiale spesies soos die Oranjeborsberglysters, Grondspegte en Drakensbergpietjies kon 'n mens op staatmaak veral as die wind nie te erg gewaai het nie.





Oranjeborsberglysters met die wyfie links en mannetjie regs.



Die Pietjie met sy kenmerkende wit stertveer.
Die Kaapse Pietjie se punte van die stertvere is wit.



Die Grondspegte was so goed om selfs hulle nes vir ons te wys.

Heel rustig in die sonnetjie reg langs die pad.



Met die diep klowe kry  mens soms die geleentheid om van die roofvoëls van die ongewone bokant af te sien.



Rooiborsjakkalsvoël wat ons meermale te siene gekry het.

Die Ysrot was ook op sy pos. Die wyfie dra 'n goeie vooraad plantmateriaal in hulle nes in vir die winter. Sy kry net twee kleintjies hierdie tyd van die jaar en bly die hele winter met hulle in die nes. Hulle hiberneer nie deur die winters nie en kom voor net van hoogtes van 2500 meter en verder op.





Ongelukkig vir die boer maar gelukkig vir ons was daar ‘n dooie skaap as lokaas vir roofvoëls. Twee relatief jong Baardaasvoëls was gelukkig daar vir ons. Hulle koppe was nog swart. Ongelukkig was die karkas ongeveer 600 meter van die pad af. Alhoewel ons met toestemming kon nader gaan wou die aasvoëls nie saamspeel nie en het gou laat vat.



Hulle het egter ‘n bietjie lugballet vir ons gedoen .



Die uitsigte in en om die pas bly maar indrukwekkend.

Nishi kon darem 15 spesies by sy lys van 301 voeg, wat hy in die kort tydjie wat hy hier is, afgeneem het.

Voëltjiegroete,

Stefan Heydenreich.

# MOSAMBIEK

Die voëlgids, Etienne Marais, het 'n toer na Mosambiek, wat ek meegemaak het, gereël. As gevolg van Sikloon Freddy het ons nie op die beplande vertrekdatum van 17de Februarie vertrek nie, maar wel 'n week later. Die eerste nag het ons in 'n gastehuis in Komatipoort geslaap sodat ons die volgende oggend vroeg deur die grenspos kon gaan.

Mosambiek bestaan uit drie dele, naamlik die suidelike, sentrale en noordelike gedeelte. Die suidelike gedeelte strek tot by die Sawerivier, is dig bevolk, baie veilig en die paaie is in 'n baie goeie toestand. Die sentrale gedeelte strek vanaf die Sawerivier tot by die Zambezi, is minder dig bevolk, veilig en die paaie is in 'n uiters swak toestand. Groot vragmotors uit die state wat aan die noordelike gedeelte van Mosambiek grens, maak van die baie goeie brug oor die Zambezi gebruik om by Beira se hawe uit te kom. Hulle ry die teerpad sodat daar dongas oor die volle breedte van die pad is. Die noordelike gedeelte strek vanaf die Zambezi tot teenaan Afrikastate soos Zambië en Malawi. Omdat slegs die suidelike en sentrale gedeelte se voëls as Suider-Afrika se voëls beskou word, het ons net tot by die Zambezi gegaan.

Die kern van Sikloon Freddy het Mosambiek in die omgewing van die Sawerivier getref en aansienlike skade aangerig. Masiewe groot bome is ontwortel, sinkplate is opgefrommel en huise is oorstroom. Vir ons as voëlkykers het die sikloon groot getalle Groot en Klein Frigatvoëls vanaf die Europa Eilande (tussen Madagaskar en Mosambiek) ingewaai.

Soos wat hierbo genoem is, is die suidelike en sentrale gedeeltes van Mosambiek veilig om in te toer – net so veilig soos byvoorbeeld Botswana en Namibië. As jy 'n betroubare voertuig het, is daar geen rede waarom jy nie daarheen kan gaan nie. Die verskil is net dat sonder Etienne jy met baie min "lifers" gaan terugkom. Met meer as veertig voëltoere op sy kerfstok en 'n "pin" op sy selfoon vir byna elke voël kan hy vir jou na die regte watermassa, rietbos en die presiese plek in 'n Miombowoud neem. Verder het hy baie kontakte in Mosambiek wat vir hom inligting deurgee. So byvoorbeeld het hy geweet presies waar om vir die Frigatvoëls te gaan kyk.

Die "lodges" waarin ons tuisgegaan het, behoort aan Suid-Afrikaaners of persone uit Zimbabwe. Ons kon elke aand by die "lodge" waarin ons tuisgegaan het, eet. By die een naby die Gorongosa Nasionale Park het ons heerlike boerekos en feespoeding geniet.

Ons het deur Zimbabwe teruggekom en twee nagte by Seldomseen Holiday Cottages in die Vumba geslaap. Hier kon ek drie verskillende suikerbekkies as 'lifers" afmerk. In totaal het ek 36 "lifers" gesien. Baie van hulle kom ook in Suid-Afrika voor, maar dan moet jy op die regte tyd op die regte plek wees. Die prys van die toer klink baie, maar as jy die bedrag deel deur die aantal "lifers" wat jy kan sien, regverdig dit die prys. Ekself het beslis meer per "lifer" betaal om die Spoorvlerkkiewiet naby Harare in Zimbabwe, Roetvlerkmeeu by Mosselbaai, Goudkoester naby Mkuze in KZN, Rooistertwipstert by Kaapstad, Kleinwitkeelsanger in Marlothpark, Madagaskar ralreier in die Phinda reservaat in KZN, ensovoorts te sien.

Ingesluit is foto's van 'n paar "lifers" wat ek daar gesien het.

Tommie Drinkwater


Laeveld patrys
Shelley's Francolin



Grootfregatvoël/
Greater Frigatebird


Groot strandkiewiet
Greater sand plover


Kuifkop sterretjie
Lesser Crested Tern


Kortvlerk tinktinkie
Short-winged Cisticola


Roeskop byvreter
Bohm's Bee-eater


Kuifkop boskraai
Silvery-cheeked Hornbill


Knopstert troupand
Racket-tailed Roller


Gevlekte speg
Green-backed Woodpecker


Angola kliplyster
Miombo Rock Thrush



Swartkop kleinjantjie
Black-headed Apalis


Geelpenssuikerbekkie
Variable Sunbird


Miombo rooibandsuikerbekkie
Eastern Miombo Sunbird



Rooikop kwelea
Red-headed Quelea



Breëstert paradysvink
Broad-tailed Paradise Whydah

## VELDPOU FOTO'S

Hierdie is 'n ongewone foto van 'n Veldpou, wat ek naby Cape Vidal geneem het.



Hierdie is 'n heel gewone foto van 'n Veldpou wat ek by Addo geneem het.



Tommie Drinkwater



**THE SCINTILLANT HUMMINGBIRD**

Recently, one of our guides, Alex Castro, captured this amazing photo of the nest of the Scintillant Hummingbird cradling two tiny chicks. The Scintillant Hummingbird is the smallest bird in Central America and is endemic to Costa Rica and Panama.

The largest population can be found in the Talamanca Mountains. The adults are about 2.5 inches long and weigh just 2 grams. The female scintillant is responsible for the nest building. She creates a lovely little cup-shaped nest that she weaves from plant fibers and green moss. The inside of the nest is lined with animal hair, feather down, and plant fibers. She then uses spider webbing to strengthen the nest and to give it flexibility so it can expand as her chicks grow.

Generally, the female lays 2 tiny eggs which she incubates for 15-19 days. The chicks are born blind and without any down. The mama is in charge of all the care. She finds food and protects them from intruders and inclimate weather. The chicks grow quickly and will be ready to leave the nest between the 20th and the 25th day.

Saludos from Costa Rica
Joan & Wanda

Ingestuur deur Stefan Heydenreich



Klein Byvreter
Pieter Labuschagne

## MEDIA RELEASE

# MIDDELPUNT NATURE RESERVE BECOMES SOUTH AFRICA'S 29TH RAMSAR SITE

The White-winged Flufftail (Sarothrura ayresi) is listed as globally Critically Endangered with an estimated population size of fewer than 250 mature individuals. Ethiopia and, more recently, South Africa are the only two countries where the White-winged Flufftail is known to breed, with only one confirmed site in South Africa: Middelpunt Wetland. Middelpunt Wetland Trust was established in 1994 by a group of concerned citizen scientists who regularly found the bird at the site and sought to improve the condition of the wetland. Dullstroom Trout Farm, the owner of Middelpunt Wetland, has been supportive of BirdLife South Africa's scientific studies at the site to better understand the bird's biology. It is through these a monitoring survey that the first breeding record of the White-winged Flufftail was made in the southern hemisphere in the summer of 2018. Dullstroom Trout Farm joined the Greater Lakenvlei Protected Environment (GLPE) in 2017 to safeguard the extensive high-elevation wetland systems in the area from external threats. Whilst this form of protection limits activities that could threaten biodiversity, it does not prevent them entirely.



White-winged Flufftail (Photo: Warwick Tarboton)



Middelpunt Nature Reserve (Photo: BirdLife South Africa)

BirdLife South Africa gained the support of the provincial conservation authority, Mpumalanga Tourism and Park Agency, in meeting this objective. BirdLife South Africa also identified the importance of a neighbouring property belonging to Eland's Valley Guest Farm, which supplies Middelpunt Wetland with lateral inputs (seeps). Both Dullstroom Trout Farm (308 ha) and Eland's Valley Guest Farm (200 ha) were supportive of the declaration of the site as a nature reserve and so began the process of applying in early 2021. The two landowner groups formed the management authority, Middelpunt Nature Reserve Landowners Association, and entered into a co-management agreement with BirdLife South Africa and Middelpunt Wetland Trust. Over 300 letters of support for the intent to declare Middelpunt Nature Reserve were submitted by the public, with letters of support also being submitted by AEWA, GLPE Landowners Association and Middelpunt Wetland Trust. With assistance from Mpumalanga Tourism and Parks Agency, the private nature reserve was officially declared on the 14 October 2022 (Mpu. Prov. Gazette No. 3449, Notice 211).



Middelpunt Nature Reserve is not only an important site for White-winged Flufftail but provides habitat to a diversity of floral and faunal species. This nearly 10,000-year-old, peat-based wetland also provides ecosystem services to the surrounding farming community through water retention, purification, and flood attenuation. To the global community, the ~2m deep peat-layer is an extensive carbon sink that continues to sequester carbon from the atmosphere. It is for these reasons that the nature reserve was considered for designation as a Ramsar Site recognising it as a wetland of international importance under the Convention on Wetlands. The Convention on Wetlands is an intergovernmental treaty established in 1971 in the Iranian city of Ramsar that provides a framework for the conservation and wise use of wetlands and their resources. There are over 2,000 Ramsar Sites listed by over 160 countries who form the Contracting Parties. South Africa was one of the first contracting parties to join the treaty and has since designated 29 wetlands as Ramsar Sites.



National government (Department of Forestry, Fisheries and the Environment) and provincial government (Mpumalanga Tourism and Parks Agency) led the application process for Middelpunt Nature Reserve to be considered as a Ramsar Site with inputs from BirdLife South Africa. The reserve was officially designated on 15 March 2023 becoming the world's 2,501st and Mpumalanga Province's second Ramsar Site with nearby Verloren Valei Nature Reserve where White-winged Flufftail also reside. Our hope is that Middelpunt Wetland will be a bastion of nature conservation in South Africa and the world for many years to come.
We would like to thank and acknowledge Dullstroom Trout Farm, Eland's Valley Guest Farm, Middelpunt Wetland Trust, Mpumalanga Tourism and Parks Agency, South Africa's Department of Forestry, Fisheries and the Environment, Eskom through the Ingula Partnership, Elandskloof Trout Farm, and the many individuals who have contributed to the research and conservation of Middelpunt Wetland. Middelpunt Nature Reserve is a closed, private reserve dedicated to the conservation of White-winged Flufftail.

More information can be found at the following websites:
White-winged Flufftail – https://www.birdlife.org.za/what-we-do/landscape-conservation/what-we-do/wetlands-grasslands/white-winged-flufftail/

Middelpunt Nature Reserve – https://www.birdlife.org.za/what-we-do/landscape-conservation/protecting-ecosystems/

Middelpunt Nature Reserve Ramsar Site – https://rsis.ramsar.org/ris/2501



# BIRDLIFE SA WESVAAL BRANCH

Vir meer inligting/
For more info:

Die Voorsitter/The Chairman
BirdLife Wesvaal
POTCHEFSTROOM
2520

**Mission.** BirdLife South Africa strives to conserve birds, their habitats and biodiversity through scientifically-based programmes, through supporting the sustainable and equitable use of natural resources and by encouraging people to enjoy and value nature.
*BirdLife South Africa is a registered non-profit and public benefit environmental organization with over 6000 members in 32 bird clubs throughout South Africa. BirdLife South Africa produces its own birds and birdwatching magazine, African Birdlife.*
*Conservation is the primary reason for BirdLife South Africa's existence. While we engage in, promote and support other activities, such as birding tourism, community-based conservation and education work, everything is geared towards achieving bird conservation goals. BirdLife South Africa believes that by conserving birds, we can conserve the broader environment. Birds are amongst the most visible, and mobile, animals in our natural environments. A healthy environment will have a full complement of native birds, and for this reason birds are widely recognised as exceptionally good indicators of ecosystem health.*
*BirdLife South Africa makes a real difference to birds and their habitats, but our work costs money. We rely on the support and generosity of people and organisations to fund our vital work for conservation: we are grateful for any and all contributions.*

## MEMBERSHIP OF BLSA & BLSA WESVAAL

Membership of this Club and BirdLife SA is on a "rolling basis" which means that if you joined, say in January, approximately 10 months down the line you will be receiving an invoice for the following year.
The first reminder is sent out TWO MONTHS in advance. When payment has not been received, a reminder is sent out ONE MONTH in advance - after that, if payment STILL hasn't been received, BLSA will send your Club Chairman the third reminder. He or the Club Secretary will then contact you with another gentle reminder.
With all the electronic wizardry at our disposal, the most practical way of payment is a direct transfer into BirdLife Wesvaal's account. (Bank details are obtainable from Sylvia Martens).
**Please make sure that you indicate that you also wish to be a member of the BirdLife Wesvaal Club.**
BirdLife will be happy to receive your credit card details by phone. Membership (Tel. 011-7891122) is responsible for subscriptions at BLSA in Randburg - give them your credit card details personally.

## HERNUWING VAN LIDMAATSKAP

Lede se lidmaatskap is geldig vir 12 maande. Aan die begin van die elfde maand ontvang 'n lid 'n rekening vir hernuwing. Die geld word oorbetaal aan BirdLife SA wie se adres en besonderhede op die rekening sal voorkom.
BirdLifeSA hanteer die geld en administrasie en betaal van tyd tot tyd aan BirdLife Wesvaal die aansluitings fooi aan die klub oor.
Dit sal waardeer word as rekeninge so gou moontlik betaal word, omdat u vereniging die fondse benodig. As daar onduidelikheid is, kan u vir Tom Drinkwater raadpleeg wat lede behartig of u kan skakel na BirdLife SA (Tel. 011 7891122 en vra vir Ntombi).
Lede kan nou ook by BLSA Wesvaal tak alleenlik aansluit, deur die R120 (gewone lid) R90 (Seniors) jaarliks in Januarie te betaal. Maar u is steeds welkom om aan BLSA sowel as Wesvaal tak te behoort. (Sien nuwe BLSA ledegeld hieronder).

| Category | Price |
|---|---|
| Ordinary | R690.00 |
| Senior Citizen | R500.00 |
| Student | R480.00 |
| *African Birdlife* | R390.00 |